

MIGA

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wat aan die begin vermeld word. Die naam is 'n inkorting van “Migaja”, wat beteken ‘wie is soos die Here?’

Miga is in die Joodse en Christelike kanons die sesde boek in die versameling wat as die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)* bekend staan, en is ná *Jona* 'n binnelandse profeet (vgl Inleiding *Joël*). In die Septuagint is *Miga* ná *Amos* die derde boek in die versameling.

Die skrywer van die boek is onbekend. Dit is trouens duidelik dat dit die werk van verskillende outeurs is: Terwyl plekname en inhoud aandui dat die profesieë in Miga 1 — 5 wat aan Miga toegeskryf word, in Juda tuishoort, is Miga 6 — 7 duidelik uit die noorde, uit Israel, afkomstig, waarskynlik uit 'n tyd kort ná die einde van die Babiloniese ballingskap (539 vC). Volgelinge van die profeet wat eerste sy profesieë teen ongeveer 725 vC gehoor het, het dit waarskynlik te boek gestel en oorgelewer. Lank daarna is die laaste twee hoofstukke bygevoeg.

Die boek is 'n versameling profetiese uitsprake in digterlike vorm, waarin woordspel, beeldende taal en vergelykings ruimskoots voorkom. Net die inleidende woorde is in prosa. Die boek verskil van ander profeteboeke in die sin dat die woorde van die profeet se opponente ook opgeneem is (vgl 2:6-7a,12-13; 4:1-8, 11-13; 5:4-8).

Die profeet kondig God se oordeel aan oor die hoofstede van Israel en Juda, oor ryk stedelinge wat plattelanders hulle grond ontnem, oor

vals profete en die materialisme by politieke en geestelike leiers. Teenoor die vals vertrouwe van die hoëlui op tradisies van beskerming deur God, kondig die profet die komende wegvoering in ballingskap aan en die vernietiging van alles waarop hulle vertrou. God sal egter vir die land 'n nuwe begin gee, met 'n nuwe koning uit die geslag van Dawid. Nieteenstaande die onreg in die samelewing, verkondig die boek hoop vir die toekoms wat alleen gegrond is op God se troue liefde.

Miga kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-16 Oordeel oor Samaria en Jerusalem

2:1-13 Sosiale onreg en vals profete

3:1-12 Strafaankondiging oor leiers en profete

4:1 — 5:14 Toekomsverwagting

6:1-8 Veroordeling van ongeregtigheid

6:9 — 7:7 Straf vir onreg

7:8-20 Nuwe hoop vir God se volk

1

Opskrif

¹ *Die woord van die HERE wat tot Miga van Morêset* gekom het in die tyd van Jotam,* Agas* en Hiskia,* die konings van Juda, wat aan hom geopenbaar is^a oor Samaria* en Jerusalem.

*1:1 Vgl Jes 1:1; Hos 1:1

*1:1 Miga van Morêset: Jer 20:18

*1:1 Jotam: 2 Kon 15:5,7,32-38; 2 Kron 26:21,23; 27:1-9

*1:1 Agas: 2 Kon 16:1-20; 2 Kron 28:1-27

*1:1 Hiskia: 2 Kon 16:20; 18:1 — 20:21; 2 Kron 29:1 — 32:33

^a1:1 wat aan hom ... is: Letterlik 'wat hy gesien het'.

*1:1 Samaria: 1 Kon 16:23-24

Oordeel oor Samaria en Jerusalem

² Luister, alle volke!

Let op, aarde en almal
wat daarop woon!^{b*}

My Heer, die HERE,
gaan teen julle getuig,
die Heer uit sy heilige paleis.

³ *Kyk, die HERE kom
uit sy woonplek;
Hy daal neer en trap op die hoogtes
van die aarde.

⁴ *Die berge smelt onder Hom
en die valleie skeur oop,
soos was wat voor vuur smelt,
soos water wat teen 'n berghang
afstroom.

⁵ *Oor Jakob se oortreding
gebeur al hierdie dinge,
oor die sondes
van die huis van Israel.*

“Wie is verantwoordelik

^b1:2 aarde ... woon: Die •bronteks lui “die aarde en haar volheid”.

*1:2 Luister ... woon: Ps 24:1; 49:2; Jes 1:2

*1:3 Jes 26:21; Am 4:13

*1:4 Rig 5:4-5; Ps 97:5; Jes 54:1,3; Hab 3:6,10

*1:5 2 Kron 28:4; Miga 3:8

*1:5 Oor ... Israel: Vgl Gen 32:28

vir Jakob se oortreding?

Is dit nie Samaria nie?

Wie is verantwoordelik

vir die offerhoogtes?^c

Is dit nie Jerusalem nie?

⁶ *Daarom sal Ek van Samaria

'n puinhoop maak,

'n stuk veld vir die aanplant

van wingerd.

Ek sal haar^d klippe

in die vallei laat afrol,

haar fundamente blootlê.*

⁷ *Al haar afgodsbeelde

sal stukkend geslaan word,

alles wat sy verdien het,

sal in die vuur verbrand word,

al haar afgode sal Ek vernietig;

want met die loon van 'n prostituut

het sy dit bymekaargemaak,

en dit sal weer die verdienste

van 'n prostituut word.”

⁸ *Hieroor wil ek weeklaag en huil;

^c**1:5 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^{*}**1:6** Vgl Miga 3:12

^d**1:6 haar:** Die stad word as 'n prostituut voorgestel; vgl Miga 1:7.

^{*}**1:6 haar ... blootlê** Eseg 13:14

^{*}**1:7** Hos 9:1

^{*}**1:8** Vgl 2 Sam 15:30; Jes 20:2-4

ek wil kaalvoet
 en sonder klere loop;
ek wil tjank soos woestynjakkalse
en brom soos steenuile;
⁹ want Samaria se wonde
 is ongeneeslik,
ja, dit strek tot by Juda;
dit raak aan die poort van my volk,
 aan Jerusalem.*

¹⁰ *Moet dit nie in Gat* vertel nie,
moet glad nie daaroor huil nie!
In Bet-Leafra^e rol hulle in die stof!^f

¹¹ Trek weg, inwoners van Safir,
 naak en in skaamte.^g

Die inwoners van Saānan
 ruk nie op nie.

Daar word gerou in Bet-Haesel;
Hy neem sy bystand van julle weg.

¹² Ja, die inwoners van Marot
 wag angstig op iets goeds,

***1:9 dit ... Jerusalem:** Jes 8:7-8

***1:10** 2 Sam 1:20

***1:10 Gat:** Vgl 1 Sam 17:4

^e**1:10 Bet-Leafra:** Die naam Bet-Leafra klink in Hebreeus soos “huis van stof”.

^f**1:10 In Bet-Leafra ... stof:** Hierdie lesing volg 'n ms wat in die Judese woestyn ontdek is. Die bronteks lui “Rol in die stof!” Dit was 'n teken van rou.

^g**1:10-11 Moet dit nie in Gat ... skaamte:** Die bronteks het die woorde soos volg gekombineer “Moenie dit in Gat vertel nie, moet glad nie daaroor huil in Bet-Leafra nie! Rol in die stof, trek weg, inwoner van Safir, naak en in skaamte.”

want die kwaad

wat van die HERE kom,
het afgegaan tot by die poort
van Jerusalem.

¹³ *Span die perde
voor die strydwa,
inwoners van Lagis!

Dit was die begin
van die dogter van Sion^h se sonde;
ja, in jou is die oortredinge
van Israel gevind.

¹⁴ Daarom moet jy afskeidsgeskenke
gee aan Morêset-Gat.ⁱ

Die huise by Agsib^j
sal 'n droë fontein^k
vir die konings van Israel wees.

¹⁵ Ek sal weer 'n veroweraar
na julle bring,
inwoners van Maresa;
hy sal tot by Adullam kom.

***1:13** 2 Kon 14:19

^h**1:13 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

ⁱ**1:14 afskeidsgeskenke ... Morêset-Gat:** Die woord vir afskeidsgeskenk verwys tipies na 'n geskenk wat aan 'n bruid gegee is wanneer sy die huis verlaat. In Hebreeus klink Morêset byna soos “verloofde”.

^j**1:14 huise by Agsib:** Dit was geboue waar pottebakkerie en linneverwerking vir die koninklike hof gedoen is.

^k**1:14 droë fontein:** Die Hebreeuse woord vir droë fontein klink byna soos “Agsib”.

Trots van Israel,¹
 ¹⁶* skeer jou kop kaal,
skeer jou hare af
 oor jou lieflingkinders;
maak die kaal kol so groot
 soos dié van 'n aasvoël,
want hulle sal van jou af
 weggevoer word in ballingskap.

2

Sosiale onreg en vals profete

¹* Wee hulle wat onreg bedink,
 wat kwaad beplan
 op hulle beddens!
Teen dagbreek voer hulle dit uit,
want die mag is in hulle hande.
²* Hulle begeer stukke grond,
en neem dit af,
huise, en neem dit in besit.
Hulle bedreig 'n man en sy gesin,
 'n mens en sy erfdeel.
³* Daarom, so sê die HERE:
“Kyk, Ek beplan onheil

¹**1:15 Trots van Israel:** Dit verwys waarskynlik na die stad Lagis. Die teks kan ook anders vertaal word.

* **1:16** Jer 7:29

* **2:1** Ps 36:5

* **2:2** Jes 5:8

* **2:3** Am 3:2; 5:13

teen hierdie geslag,
'n onheil waaruit julle
nie julle nekke sal kan trek nie.
Julle sal nie regop kan loop nie,
omdat dit 'n tyd van onheil
sal wees.”

⁴ * Op daardie dag sal iemand
'n spotlied oor julle laat opklink,
'n klaaglied sing:
“Dit is verby met ons!” sal hy sê.
“Ons is heeltemal vernietig!
Hy vervreem die eiendom
van my mense!
Hoe ontnem Hy my dit!
As vergelding verdeel Hy
ons grond.”

⁵ * Daarom sal niemand
julle^m verteenwoordig
in die geloofsgemeenskap
van die HERE
wanneer die land deur loting
verdeel word nie.

⁶ * “Julle moet nie driftig
profeteer nie,”

*2:4 Vgl Deut 28:30-33; Jes 14:4; Hab 2:6

*2:5 Num 33:54; Deut 32:8-9; Ps 16:5-6

^m2:5 julle: Die •bronteks lui “jou”. Dit verwys na die groep in Miga 2:3-4.

*2:6 Am 2:12

sê hulleⁿ driftig.

“'n Mens mag nie hierdie dinge

driftig profeteer nie.

Beledigings sal in elk geval

niks bereik nie.^o

⁷ Kan dit gesê word,

huis van Jakob*?

Is die HERE ongeduldig,

of is dit sy dae hierdie?”

“Doen my woorde^p nie iemand

goed wat die regte pad loop nie?

⁸ Maar julle het vir my volk

'n vyand geword^q wat teenoor

vredeliewende mense^r

stelling inneem:

Julle pluk die mantel af

van niksvermoedende

verbygangers,

mense wat uit 'n oorlog

terugkeer.

⁹ Julle verdryf die vroue

ⁿ2:6 **hulle:** Die teenstanders van Miga is waarskynlik hier aan die woord.

^o2:6 **Beledigings ... bereik nie:** Die bronteks kan op verskillende maniere vertaal word.

^{*}2:7 **Jakob:** Vgl Gen 32:28

^p2:7 **my woorde:** Hier is die Here aan die woord.

^q2:8 **Maar ... geword:** Hierdie lesing steun op 'n herverdeling van die Hebreeuse konsonante. Die bronteks lui “En gister het my volk as vyand opgestaan”.

^r2:8 **vredeliewende mense:** Hier word die •Septuagint deels gevolg.

van my volk uit huise
waaraan hulle verknog is;
van hulle kinders ontnem julle
vir altyd die waardigheid
wat Ek gee.

¹⁰ *Maak gereed en gaan weg,
want dit is nie 'n tuiste hierdie nie!
Omdat dit •onrein is,
sal dit vernietig word^s —
'n verskriklike vernietiging.”

¹¹ *As daar iemand is wat oorloop
van geesdrif en bedrog,
wat lieg en sê:
“Ek sal vir jou 'n voorspelling maak
oor wyn en sterk drank,”
dan word hy die driftige profeet
van hierdie mense!

¹² “*Ek sal jou beslis bymekaarmaak,
Jakob,^t almal van julle;

***2:10** Deut 12:9

^s**2:10** Omdat ... word: Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van 'n vokaal in die bronteks.

***2:11** Jer 5:31

***2:12** Jer 3:18; 31:10; Miga 4:6-7

^t**2:12** Ek ... Jakob: Dit is waarskynlik 'n profesie van Miga se teenstanders.

Ek sal beslis die oorblyfsel
van Israel^u byeenbring.
Ek sal hulle versamel
soos kleinvee in 'n kraal,
soos 'n trop diere in 'n weiveld;^v
daar sal 'n rumoer van mense wees.
¹³ *Die een wat deurbreek,
gaan voor hulle uit.
Hulle breek deur
en gaan deur 'n poort;
hulle gaan daardeur uit!
Hulle koning gaan voor hulle uit,
met die HERE op die voorpunt!”

3

Strafaankondiging oor leiers en profete

¹ *Maar ek sê:
“Luister tog, hoofde van Jakob,^{*}
regeerders van die huis van Israel!
Is julle nie veronderstel
om die reg te ken nie,

2:12 oorblyfsel van Israel: Dit verwys na die inwoners van Juda en Jerusalem ná die wegvoering van die Israeliete van die tien stamme in 722-721 vC deur die Assiriërs; vgl 2 Kon 17:1-23.

2:12 in 'n weiveld: Die bronteks lui “in Bosra”. Die lesing “in 'n weiveld” is verkry deur 'n wysiging van die vokale.

***2:13** Vgl Jes 52:12; Joh 10:4

***3:1** Jer 5:5

***3:1 Jakob:** Vgl Gen 32:28

² *julle wat die goeie haat
en die slegte liefhet,
julle wat die mense se velle
van hulle afskeur
en die vleis van hulle bene;
³ julle wat my volk se vleis eet,
hulle velle afstroop
en hulle bene stukkend kap,
hulle uitmekaarhaal soos in 'n pot,
ja, soos vleis in 'n kookpot?”

⁴ *Dan sal hulle^w na die HERE
om hulp roep,
maar Hy sal hulle nie antwoord nie.
In daardie tyd sal Hy sy gesig
vir hulle verberg
omdat hulle optrede boos was.

⁵ *So sê die HERE oor die profete
wat my volk mislei,
wat vrede verkondig
as hulle iets te ete kry;
maar as iemand hulle nie iets
in die mond stop nie,

***3:2-3** Ps 14:4; Eseg 11:3,7

***3:4** Deut 31:17; Jer 11:11; Spr 1:28

^w**3:4 hulle:** Dit verwys waarskynlik na die leiers van Jakob.

***3:5** Jes 9:14-15; Jer 23:30-32; Eseg 13:10; vgl Matt 7:15

'n oorlog teen hom heilig:^x

⁶ “Daarom, dit sal vir julle
nag wees, sonder visioene,
ja, donker, sonder voorspellings.

Die son sal ondergaan
vir die profete,
die dag sal vir hulle
pikdonker wees.

⁷ Die sieners sal in die skande
gesteek word,
die voorspellers sal beskaamd staan.
Hulle sal almal hulle snorre bedek,^y
omdat daar geen antwoord
van God kom nie.”

⁸ Maar ek, ek is gevul met krag,
met die Gees van die HERE,
met 'n sin vir geregtigheid
en die moed, om aan Jakob sy opstand
en aan Israel sy sonde
bekend te maak:

⁹ “Luister tog hierna,
hoofde van die huis van Jakob
en regeerders van die huis
van Israel,

^x**3:5 oorlog ... heilig:** 'n Vaste uitdrukking wat berus op die beskouing dat oorlog 'n godsdienstige handeling is.

^{*}**3:6** Jes 8:20,22; Am 8:9

^y**3:7 snorre bedek:** Simboliese handeling as teken van rou.

julle wat regte minag
en alles wat reg is, verdraai;

¹⁰ *julle wat Sion met bloed
gebou het
en Jerusalem met onreg!

¹¹ *Haar^z leiers spreek
'n oordeel uit
vir omkoopgeskenke!

Haar priesters gee onderrig
teen betaling!

Haar profete maak voorspellings
vir geld!

Hulle steun nogal op die HERE en sê,

'Is die HERE nie in ons midde nie?

Geen onheil sal ons tref nie!

¹² *Daarom, deur julle toedoen
sal Sion 'n omgeploegde veld word;
Jerusalem sal puinhope word
en die tempelberg
oorgroeide heuwels.”

***3:10** Jer 22:13; Hab 2:12

***3:11** Vgl 1 Sam 9:7-8; 1 Kon 14:3; 2 Kon 4:42; 5:15; 9:8-9; Jes 1:23; 5:20,23

^z**3:11 Haar:** Jerusalem en ander stede word dikwels in die Bybel simbolies as vroulik voorgestel; vgl Miga 1:7.

***3:12** Jer 26:18; Miga 1:6

Toekomsverwagting

¹ “*In die laaste dae^a
 sal die berg van die HERE
 se huis stewig staan,
 as die hoogste van die berge;
 ja, hy sal bo die heuwels uittroon.
 Volke sal daarheen stroom,
² baie nasies sal gaan en sê,
 ‘Kom laat ons optrek
 na die berg van die HERE,
 na die huis van die God
 van Jakob,*
 sodat Hy ons van sy weë kan leer,
 en ons op sy paaie kan volg.’
 Ja, uit Sion sal daar onderrig kom
 en die woord van die HERE
 uit Jerusalem.
³ *Hy sal regsprek
 tussen baie volke
 en die reg handhaaf
 vir talryke nasies
 tot in die verste uithoeke.

* 4:1-3 Jes 2:2-4

^a4:1 In ... dae: Miga 4:1-8 verwoord waarskynlik die verwagting van Miga se teenstanders.

* 4:2 Jakob: Vgl Gen 32:28

* 4:3 Ps 110:6; Joël 3:9-11; Sag 9:10

Hulle sal van hulle swaarde
ploegskare smee,
en van hulle spiese snoeimesse.*

Nasies sal nie meer die swaard
teen mekaar opneem nie,
hulle sal nie meer leer
om oorlog te maak nie;

⁴* maar elke man
sal onder sy wingerd
en onder sy vyeboom sit,
sonder dat iemand hom
die skrik op die lyf jaag.*

Die HERE, Heerser
oor alle magte,
het dit immers self gesê.*

⁵*Selfs as al die volke elkeen
in die naam van sy god
voortgaan,
sal óns in die naam van die HERE
ons God voortleef
vir altyd en altyd.*

⁶“*Op daardie dag,”

* 4:3 swaarde ... snoeimesse: Joël 3:10

* 4:4 1 Kon 4:25; Sag 3:10

* 4:4 skrik ... jaag: Jer 30:10

* 4:4 Die ... gesê: Jes 1:20

* 4:5 Vgl Jos 24:15

* 4:5 sal ... altyd: Sag 10:12

* 4:6 Sef 3:19

is die uitspraak van die HERE,
“sal Ek die gebreklikes bymekaar maak,
die verstrooides versamel,
ook hulle wat Ek sleg
behandel het.

⁷ *Ek sal die gebreklikes
'n oorblyfsel maak,
en diegene wat weggedwaal het
'n sterk nasie.’

Die HERE sal op die berg Sion
oor hulle koning wees,
van nou af tot in ewigheid.*

⁸ En jy, wagtoring^b van die kudde,
vesting^c van die dogter van Sion,^d
na jou sal dit kom,
ja, die vroeëre heerskappy
is op pad —
die koningskap
vir die dogter van Jerusalem.”

⁹ *Waarom skree jy dan nou so hard?
Het jy nie meer 'n koning nie?

* **4:7** Jes 4:3; Miga 2:12; 5:6-7; 7:19

* **4:7 Die ... ewigheid:** Luk 1:33

^b**4:8 wagtoring:** 'n Hoë uitkykpunt vanwaar mense kan sien of vyande of diere aankom.

^c**4:8 wagtoring ... vesting:** Dit verwys na die beveiligde gebied in Jerusalem waar die tempel en paleis gestaan het.

^d**4:8 dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

* **4:9-10** Jer 6:24; 8:19

Of het jou raadgewer verdwyn,
sodat pyn jou oorval het
soos 'n vrou wat geboorte
skenk?*

¹⁰ *Krimp ineen en skreeu dit uit,
dogter van Sion,
soos iemand met geboortepyne!

Want nou sal jy die stad
moet verlaat
en in die veld gaan woon.

Jy sal na Babel gaan:
Daar sal jy gered word;
daar sal die HERE jou uit die hand
van jou vyande verlos.

¹¹ “Maar nou span baie nasies
teen jou saam,^e
hulle wat sê,
‘Laat Sion maar ontheilig word;
ons sal dit met genoegdoening
aanskou.’*

¹² *Hulle weet egter nie
wat die HERE beplan nie

* **4:9 sodat ... skenk:** Joh 16:21

* **4:10** Luk 1:74; Op 12:2

^e**4:11 Maar ... saam:** Miga 4:11-13 is waarskynlik die reaksie van Miga se teenstanders op sy woorde in Miga 4:9-10.

* **4:11 Laat ... aanskou:** Ob vs 12

* **4:12** Jes 55:8-9

en hulle verstaan nie sy besluite nie,
dat Hy hulle soos gerwe
op 'n dorsvloer
bymeekaargemaak het.*

¹³ ‘Staan op en dors die gerwe,
dogter van Sion,
want Ek maak jou horing van yster
en jou hoewe maak Ek van brons.
Jy sal baie nasies vertrap!
Jy sal hulle buit aan die HERE toewy,
al hulle rykdom aan die Heer
van die hele aarde.**,’ ”

¹⁴ Sny jouself maar stukkend,*
strydlustige vrou!^f
Ons word beleër
en die regter^g van Israel word
met 'n stok op die wang geslaan!

* 4:12 dat ... bymekaargemaak het: Vgl Matt 3:12

* 4:13 Jy sal hulle ... aarde: Jos 6:19

* 4:13 die Heer ... aarde: Jos 3:11; 6:19; Sag 4:14; 6:5

* 4:14 Sny ... stukkend: Vgl 1 Kon 18:28

^f4:14 strydlustige vrou: Letterlik ‘dogter van 'n bende’. Dit verwys na Jerusalem.
Daar is 'n klankspel tussen “stukkend sny” en “bende”.

^g4:14 regter: Dit verwys na die koning in Jerusalem, wat ook as regter kon optree.

5

¹ “Maar jy, Betlehem-Efrata,
al is jy gering
in die streke van Juda,
uit jou sal daar vir My iemand kom
om 'n heerser te wees in Israel.^h
Sy oorsprong is
uit die verre verlede,
uit die dae van weleer.*”

² *Dit is waarom die HERE
hulle sal oorgee
tot die tyd aanbreek
vir 'n swanger vrou
om geboorte te skenk.
Dan sal die res van sy volksgenote
terugkeer saam metⁱ
die Israeliete.

³ *Hy sal optree en as herder lei
deur die krag van die HERE,
deur die grootheid van die Naam
van die HERE sy God.
Hulle sal veilig gevestig wees,
want dan sal hy magtig wees

^h5:1 Maar jy ... Israel: In Matt 2:6 word Miga 5:1 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus. Joh 7:42 verwys na Miga 5:1 as heenwysing na Jesus Christus.

*5:1 Sy ... weleer: Joh 1:1

*5:2 Jes 7:14

ⁱ5:2 saam met: Kan ook vertaal word “na”.

*5:3 Jes 40:11

tot aan die uithoeke van die aarde.

⁴ “Hierdie een sal ongedeerd wees.^j

Wanneer Assirië ons land binnekom,
sy voete in ons vestings sit,
sal ons sewe herders,
ja, agt heersers teen hulle opstel.

⁵ Hulle sal die land Assirië
met die swaard kaalstroop,
die land van Nimrod met dolke.
Hy sal ons uit Assirië se mag bevry
wanneer hulle ons land binnekom
en ons grense oorsteek.

⁶ *Diegene wat van Jakob* oorbly,
sal tussen al die nasies wees
soos dou wat van die HERE kom,
soos sagte reën op gras,
wat niks van 'n mens verwag nie,
geen hoop op mense vestig nie.

⁷ Diegene wat van Jakob oorbly,
sal tussen die nasies,
te midde van baie volke,
soos 'n leeu tussen
wilde diere wees,

^j5:4 **Hierdie ... wees:** Dit verwys na die koning in Jerusalem wat volgens Miga se teenstanders niks sou oorkom nie; vgl Miga 4:14. Die •bronteks kan ook vertaal word “Hierdie een sal vrede wees.”

*5:6 Jes 4:3; Hos 14:6

*5:6 **Jakob:** Vgl Gen 32:28

soos 'n jong leeu
onder 'n trop kleinvee:
As hy verbygaan en vertrap
en verskeur,
is daar niemand wat wegruk nie.
⁸ Mag jy die oorhand hê^k
oor jou teenstanders;
ja, al jou vyande —
laat hulle uitgeroei word!

⁹ “*“Op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
“sal Ek jou perde^l
wat by jou is, uitdelg,
en jou strydwaens vernietig.

¹⁰ Ek sal ook die stede
in jou land uitdelg
en al jou versterkte stede afbreek.

¹¹ * Ek sal die towery
waarmee jy besig is, uitdelg,
en jy sal nie meer waarsêers hê nie.

^k5:8 Mag ... hê: Die Hebraëuse idioom lui “Mag jou hand hoog wees”.

*5:9 Jes 31:1; Sag 9:10

^l5:9 jou perde: Uit Miga 5:14 is dit duidelik dat die persoon of groep wat hier aangespreek word, nie Jakob is nie, maar die vyande van Jakob.

*5:11 Deut 18:9-14; 2 Kon 9:22; Jes 47:9,12; Nah 3:4

¹²* Ek sal jou afgodsbeelde
en gedenkstone^m
wat in jou midde is, uitdelg,
en jy sal nie meer
voor jou eie handewerk
in aanbidding buig nie.

¹³ Ek sal jou asjerasⁿ
wat in jou midde is, uitruk,
en jou stede verwoes.

¹⁴ Ek sal met vurige woede
wraak neem op die nasies
wat nie luister nie.’ ”

6

Veroordeling van ongeregtigheid

¹ Julle moet hoor wat die HERE sê:
“Staan op, lê 'n klag voor die berge,
en laat die heuwels jou stem hoor.

²* Luister, berge, na die aanklag
van die HERE,
luister, onwrikbare fundamente
van die aarde!

Ja, die HERE lê 'n klag teen sy volk;

*5:12 Eks 23:24; 34:13; Jer 17:2

^m5:12 **gedenkstone**: Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

ⁿ5:13 **asjeras**: 'n Voorwerp wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

*6:2 Jes 3:13-15; 43:26; Hos 4:1-3

Hy het 'n regsak met Israel,

³ ‘My volk, wat het Ek

aan jou gedoen

en hoe het Ek jou vermoei?

Antwoord My!

⁴ Ek het jou immers laat optrek

uit Egipteland,

uit die plek van slawerny

het Ek jou losgekoop.*

Ek het Moses,* Aäron* en Mirjam*

voor jou uit gestuur.*

⁵ My volk, onthou tog wat Balak,

die koning van Moab beplan het,

en wat Bileam, die seun van Beor,

hom geantwoord het.*

Onthou wat gebeur het van Sittim*

tot by Gilgal,^o*

sodat jy die regverdige daad

van die HERE kan erken.’ ”

*6:4 Ek het jou ... losgekoop: Deut 5:6; 7:8

*6:4 Moses: Eks 3:4-10

*6:4 Aäron: Eks 4:14-15

*6:4 Mirjam: Eks 15:20

*6:4 Ek het Moses ... gestuur: 1 Sam 12:6

*6:5 My ... geantwoord het: Num 22:1 — 24:25

*6:5 Sittim: Jos 3:1

^o6:5 Sittim ... Gilgal: Sittim is oos en Gilgal wes van die Jordaan geleë.

*6:5 Gilgal: Jos 4:19

⁶ “*Waarmee sal ek
die HERE tegemoetgaan,
my neerbuig voor die verhewe God?
Sal ek Hom tegemoetgaan
met brandoffers,
met jaaroudkalwers?
⁷ Sal die HERE genoeg neem
met duisende ramme,
met tienduisende strome olie?
Moet ek my eersgeborene gee
vir my oortreding,
die vrug van my liggaam
vir my eie sonde?”*

⁸ *Hy het aan jou, mens,
bekend gemaak wat goed is:
Wat anders eis die HERE van jou
as om net te doen wat reg is,
om troue liefde te bewys
en om nederig die pad
saam met jou God te loop?*

Straf vir onreg

⁹ Die stem van die HERE
roep tot die stad
(dit is verstandig om vir u Naam

*6:6-8 1 Sam 15:22; Ps 40:7; Jes 1:11-17; Hos 5:6

*6:7 Moet ... sonde: Lev 18:21; 1 Kon 3:27; 16:3

*6:8 Deut 10:12; Am 5:21,24

*6:8 as om ... te loop: Matt 23:23

ontsag te hê):^p

“Luister na die straf^q

en wie dit bepaal het.

¹⁰ *Is daar steeds in die huis

van die goddelose

skatte wat deur onreg verkry is

en 'n verkleinde efa,^r

wat vervloek is?

¹¹ Sal Ek 'n vals weegskaal

en 'n sak met vals gewigte oorsien?^s

¹² Die stad se rykes^t is vol geweld

en die inwoners praat leuens;

hulle tonge is die ene bedrog

in hulle monde.

¹³ Ek sal dan nou ook begin

om jou^u te straf,

om jou te verwoes

oor jou sondes.

^p**6:9 ontsag te hê:** •Vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “om u Naam te sien”.

^q**6:9 straf:** Die bronteks lui “staf” of “stok”.

^{*}**6:10** Hos 12:8; Am 8:5

^r**6:10 efa:** Ongeveer 22 ℓ. Skelm handelaars het vir verkope 'n kleiner efa gebruik en vir aankope 'n groter een; •Inhoudsmate.

^s**6:11 Sal Ek ... oorsien:** Die lesing van die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “sal Ek rein wees”.

^t**6:12 Die stad se rykes:** “Die stad” word nie in die bronteks vermeld nie, maar word wel veronderstel.

^u**6:13 jou:** Dit verwys na die mense van Noord-Israel met wie God 'n verbond gesluit het.

¹⁴ Jy sal eet,
maar nie versadig word nie.*

Hy sal jou binne-in die stad
verneder.^v

Jy sal mense verskuif,
maar nie na veiligheid bring nie,
en wie jy wel beveilig,
sal Ek aan die swaard oorgee.

¹⁵ * Jy sal saai, maar nie oes nie;
jy sal olywe pars,
maar jouself nie met olie
invryf nie;*
jy sal druuwe trap,
maar nie die wyn drink nie.^w

¹⁶ “Jy^x het die wette van Omri*
onderhou
en alles gedoen wat die huis
van Agab gedoen het;*
julle het hulle raad gevolg.

***6:14 Jy sal eet ... word nie:** Hos 4:10

^v**6:14 Hy ... verneder:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

***6:15** Am 5:11; Sef 1:13; Hag 1:6; vgl Deut 28:30-40

***6:15 Jy sal saai ... invryf nie:** Joh 4:37

^w**6:15 jy sal druuwe ... drink nie:** Kan ook vertaal word “nuwe wyn (maak),
maar nie die wyn drink nie”.

^x**6:16 Jy:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “hy”.

***6:16 wette van Omri:** 1 Kon 16:23-26

***6:16 alles ... gedoen het:** 1 Kon 16:30-33

Daarom sal Ek jou
'n skrikbeeld maak
en die inwoners van die stad
die rede vir 'n gefluit.^y
Julle^z sal my volk se vernedering
moet dra.*”

7

¹ *Wee my!
Soos ná die insameling
van somervrugte,
soos ná die oes van die druiwe,
is daar geen druiwetros
om te eet
of vroeë vye wat ek begeer nie.
² *Die getroues het uit die land
verdwyn,
en daar is glad nie meer opregtes
onder die mense nie.
Hulle almal lê en wag
om bloed te vergiet;

^y**6:16 die rede ... gefluit:** Letterlik ‘vir 'n gefluit’ of ‘vir 'n gesis’. Dit verwys waarskynlik na die geloof dat bose geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk of 'n spottende gebaar wees.

^z**6:16 Julle:** Dit verwys na die elite wat in Samaria in beheer was.

***6:16 Daarom ... dra:** Vgl Deut 28:37

***7:1** Jes 24:13

***7:2** Ps 12:2; Jes 57:1; Jer 5:1

hulle maak jag op mekaar
met nette.^a

³ * Albei hande staan gereed
om kwaad te doen;
die hoë amptenaar en ook die regter
vra 'n omkoopgeskenk.

Ja, die vername is die een wat sê
wat hy wil hê,
en hulle verbind mense daartoe.^b

⁴ * Die beste onder hulle
is soos 'n doringstruik,
die opregtes onder hulle
is erger as 'n doringheining.

Die dag van hulle wat jou dophou,
die dag om met jou af te reken, is op pad.

Nou gaan die verwarring
wat hulle tref,^c aanbreek!^d

⁵ * Moenie 'n vriend vertrou nie!
Moenie op 'n boesemvriend
staatmaak nie!

^a7:2 hulle maak ... nette: Die •Peshitta en •Targum lui “jag mekaar tot die dood toe”.

^{*}7:3 Ps 82:2-3; Jer 4:22; Am 5:12; Miga 3:11

^b7:3 hulle ... daartoe: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

^{*}7:4 2 Sam 23:6-7; Eseg 2:6

^c7:4 verwarring ... tref: Letterlik ‘hulle verwarring’; vgl Jes 22:5.

^d7:4 dag van hulle ... aanbreek: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^{*}7:5 Jer 9:4; 12:6

Wees versigtig wat jy sê
vir die vrou wat in jou arms lê.

⁶*Want die seun hou sy pa
vir 'n dwaas;
die dogter kom in opstand
teen haar ma,
'n skoondogter teen haar skoonma
en 'n man se eie huismense
is sy vyande.

⁷*Maar ek sal vir die HERE
op die uitkyk wees,
ek sal bly wag op die God
wat my verlos.
My God sal my hoor.

Nuwe hoop vir God se volk

⁸Moet jou nie oor my verlustig nie,
my vyand.^e
Al het ek geval, ek staan weer op;
al sit ek in die donker,
die HERE is vir my 'n lig.*

⁹Die striemende woede
van die HERE sal ek dra
— want ek het teen Hom gesondig —
totdat Hy my saak verdedig

*7:6 Vgl Matt 10:21,35-36; Mark 12:12;; Luk 12:53

*7:7 Ps 130:5-6; Jes 8:17; Hab 2:1

^e7:8 my vyand: Die Assiriese hoofstad, Assur, word hier aangespreek as 'n vrou;
vgl Miga 7:12.

*7:8 die HERE ... lig: Vgl Ps 27:1; Joh 8:12

en my reg handhaaf.
Hy sal my uitlei na die lig;
ek sal sy geregtigheid
met genoegdoening ervaar.*
¹⁰ *My vyand^f sal dit sien
en deur skaamte oorval word,
sy wat vir my vra:
“Waar is die HERE jou God?”
My oë sal met genoegdoening
na haar kyk.
Sy sal dan vertrap word
soos modder op straat.

¹¹ Dit is tyd om jou^g
verdedigingsmure te herbou,
dit is 'n tyd daardie wanneer
jou grense uitgebrei sal word.^h
¹² Dit is die tyd wanneer hulle
tot by jou sal kom,
van Assur en die stede van Egipte,
ja, van Egipte tot by die Rivier,ⁱ
van see tot see en berg tot berg.
¹³ Die aarde sal 'n verlate wildernis

*7:9 Hy sal ... ervaar: Ps 37:6

*7:10 Ps 42:4,11; vgl Joël 2:17

^f7:10 My vyand: Vgl voetnoot by Miga 7:8.

^g7:11 jou: Dit verwys na Assur, die hoofstad van Assirië.

^h7:11 jou grense ... word: Letterlik ‘'n grens sal ver wees’.

ⁱ7:12 Rivier: Dit verwys na die Eufraatrivier (Jos 24:2). In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

word oor sy inwoners,
oor die vrug van hulle dade.

¹⁴ *Pas u volk op met u staf,
die kleinvee wat u eiendom is,
wat eensaam woon in 'n bos
in die middel van
'n vrugbare gebied.

Laat hulle in Basan en Gilead* wei,
soos in die ou tyd.

¹⁵ *“Soos in die dae toe jy
uit Egipteland getrek het,
sal Ek hom weer wonderwerke
laat beleef.”

¹⁶ *Die nasies sal dit sien
en beskaamd staan,
sonder al hulle heldhaftigheid.
Hulle sal die hand op die mond lê,
hulle ore sal doof word.

¹⁷ *Hulle sal stof lek soos 'n slang,
soos dié wat op die grond seil.
Hulle sal sidderend
uit hulle kerkers kom;

*7:14 Ps 23:1-2,4; 95:7

*7:14 **Basan en Gilead:** Num 21:33; 32:1; Deut 1:4; 3:12; 2 Kon 10:33

*7:15 Ps 78:11-16

*7:16 Jes 26:11

*7:17 Ps 72:9

na die HERE ons God
sal hulle bewend gaan,
ja, hulle sal vir U bang wees.

¹⁸ *Wie is 'n God soos U?
U is 'n God wat skuld vergewe,
wat by die oortreding verbygaan
tot voordeel van dit wat oor is
van sy eiendom,
wat nie vir altyd vasklem
aan sy woede nie,
maar wat vreugde vind
in troue liefde,

¹⁹ *wat ons weer genadig sal wees,
ons skuld sal vertrap.
U sal al ons sondes^j in die dieptes
van die see gooi.

²⁰ *U sal aan Jakob trou bewys,
aan Abraham die troue liefde
wat U aan ons voorouers
met 'n eed beloof het
in die voortyd.

*7:18 Ps 103:9; Jer 50:20

*7:19 Jes 38:17

^j7:19 **ons sondes**: Die bronteks lui “hulle sondes”. Sommige Hebreeuse mss en die belangrikste ou vertalings lui “ons sondes”.

*7:20 Gen 22:16-18; 28:13-15; Ps 105:8-11; Luk 1:55,73; Rom 15:8